VERJAARSDAE : 2 TOT 8 NOVEMBER 2008

11/02	CATHY	ANDERSON	DF MALANLN 243	(Blok 1)
11/02	YOLANDI	ACKERMAN	HANS STRIJDOMLN 40	(Blok 4)
11/03	LEONETTE	SMIT	HANS STRIJDOMLN 194	(Blok 2)
11/04	WYNAND	FASCHING	HANS STRIJDOMLN 29	(Blok 4)
11/04	ANSIE	BLIGNAUT	HANS STRIJDOMLN 199	(Blok 2)
11/05	JACKIE	COX	DF MALANLN 249	(Blok 1)
11/05	STOFFEL	ROETS	HANS STRIJDOMLN 158	(Blok 2)
11/06	CARLA	OLIVIER	FLEURPARK WS 3	(Blok 1)
11/06	ZOEY	VAN WYK	VAN RIEBEECKLN 72	(Blok 3)
11/07	ELLYN	BOTHMA	HANS STRIJDOMLN 85A	(Blok 3)
11/07	WILLEM	STOLZ	2DE STRAAT 9	(Blok 1)
11/08	TANYA	NEL	HANS STRIJDOMLN 182	(Blok 2)
11/08	DAWIE	VAN DER MERWE	VAN RIEBEECKLN 149.	(Blok 3
11/08	DRIES (JNR)	VAN DER MERWE	VAN RIEBEECKLN 149.	(Blok 3)
11/08	SUNELLE	BRUWER	VAN RIEBEECKLN 166	(Blok 3)

HUWELIKHERDENKINGS : 2 — 8 NOVEMBER 1008

MAANDAG, 3 NOVEMBER		
HENRI EN BETSIE JONKER	6DE STRAAT 8	(Blok 1)
DONDERDAG, 6 NOVEMBER		
DAVE EN LYN DE BRUIN	KRUGERLN 187	(Blok 2)
SATERDAG, 8 NOVEMBER		
CASSIE EN JANEEN CARSTENS	SMUTSLN 240	(Blok 1)

KLUB IMMERGROEN
KERSETE

VRYDAG 7 NOVEMBER 2008

Die uitnodigingskaartjies is reeds in omloop.

Ons klublede word hartlik uitgenooi na hierdie hoogtepunt van die jaar

חי

Dr Liandi Fourie
MBChB(Pret)
Algemene Praktisyn

Ons passie is
volhoubare gesondheid
dmv 'n natuurlike benadering,
lewenstylbeplanning
en natuurlike produkte.

Chris Hougaardstraat 324
Wierdapark
012-6530564

BOOMSLOPING EN
SNOEI VAN BOME EN STRUIKE
KONTAK: ERNST
083 656 4992

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 2 November 2008

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za | Blog: www.lytteltonoos.org.za/blog

SONDAG, 2 NOVEMBER
Deurkollekte Noodlenigingsfonds
09:00 **Nagmaal: Ds Freddie Schoeman**
09:00 Kindereredienste

MAANDAG, 3 NOVEMBER
19:00 Droomspanbyeenkoms

DINSDAG, 4 NOVEMBER
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 5 NOVEMBER
17:00 Biduur
18:30 EEIII byeenkoms
19:00 **KAF-vergadering**

DONDERDAG, 6 NOVEMBER
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

VRYDAG, 7 NOVEMBER
18:00 Klub Immergroen—Kersete
18:30 Emmaus-byeenkoms: Willows Methodist

SONDAG, 9 NOVEMBER
Biddag vir Beskermingsdienste
09:00 Erediens: Freddie Schoeman
09:00 Kindereredienste

MAANDAG, 10 NOVEMBER
19:00 Droomspanbyeenkoms

DINSDAG, 11 NOVEMBER
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 12 NOVEMBER
17:00 Biduur

DONDERDAG, 13 NOVEMBER
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

VRYDAG, 14 NOVEMBER
19:00 Diakonievergadering (Afsluiting)

SONDAG, 16 NOVEMBER
Inhandiging Kommissieverslae
09:00 Erediens:
09:00 Kindereredienste (Afsluiting)

DINSDAG, 18 NOVEMBER
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

NUWE INTREKKERS

Ons wil graag nuwe intrekkers ontmoet. Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

VOORBIDDING

1. Adelle de Wit en haar kinders, Michelle en Henri, (Van Riebeecklaan 333A) met Henri wat in 'n vliegongeluk oorlede is.
2. Debbie en Jacques Erasmus met Debbie se vader wat hierdie week begrawe is.
3. Juanell-Marie du Preez, Moltenoweg 42 wat haar voet op die onlangse jeugkamp gebreek het (Blok 1).
4. Willem en Lien Badenhorst (Van Riebeeckln 285) met Willem se moeder wat ernstig siek is (Blok 1)
5. Bets Redelinghuys, Ridgewood 33 wat Woensdag, 5 November opgeneem word vir 'n operasie (Blok 4).
6. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat wag vir 'n nieroorplanting (Blok 2).

FEESBUNDEL

Die feesbundel is beskikbaar by Max Amsenga, Krugerlaan 286 (664-3629) en ook by die inligtings-toonbank in die voorportaal van die gemeentesentrum. Die prys is R100.00 per eksemplaar.

Persone wat bestellings geplaas het word versoek om dit <u>asseblief</u> af te haal.

WOORDWYSER

2009

'n Mens se brein is 'n snaakse ding: ons verstaan dikwels iets eers regtig as ons die groter prentjie sien. As ons wil weet presies wáár 'n legkaartstukkie inpas moet ons na die afbeelding op die voorkant kyk.

'n Bybelvers is baie soos 'n legkaartstukkie. Ons sukkel soms om 'n stukkie uit die Bybel te verstaan as ons nie weet waar dit in die groot legkaart van die geskiedenis inpas nie.

Om die Bybelleser te help om die groot prentjie van die Bybel se ontstaanstyd raak te sien bied die Woordwyser Bybel in Konteks die volgende:

'n Dag-tot-dag Bybelleesprogram vir ernstige Bybel-lesers. Dit bevat:

- Deeglike inleidings en agtergrondsketse.
- Verklarings van korter gedeeltes (in dagstukkie-formaat).
- Riglyne vir kleingroepriglyne gebaseer op die luistersiklus van die Seisoen van Luister.
- Agtergrond oor die verskillende seisoene van die kerklike jaar.

Eksegetiese en liturgiese riglyne vir gemeenteleiers. Dit bevat:

- Verdere agtergrondinligting en preeksketse vir elke Sondag van die jaar.
- Voorstelle vir die inrigting van eredienste wat aansluit by die preeksketse.
- Voorstelle vir die aanbied van kinderboodskappe gebaseer op die preeksketse.
- Visuele materiaal vir gebruik in die erediens op die meegaande CD. (Opsioneel)
- Nuutgeskepte liedere vir loprysing en aanbidding.

Die Bybel is 'n bundel antieke dokumente wat vir die moderne mense soms moeilik is om te verstaan. Die Woordwyser II Bybel in Konteks wil die gelowige Bybelleser help om God se stem helder en duidelik te hoor deur die konteks van die Bybelgeskrifte te ontsluit.

Bybelleesprogram: R90

Eksegetiese Riglyne: R110 (CD: R45)

Bestellings: Freddie Schoeman (0126643751 / 084-581-8139 of stuur 'n e-pos aan:

fredschoeman@mweb.co.za of besoek: www.sinoos.co.za

ONTDEK JOU POTENSIAAL

Werkswinkel

Saterdag 22 November 2008 : 08:30—16:00

Die verskil tussen uitnemendheid en middelmatigheid lê in die ontginning van jou potensiaal. Die Here het bepaalde talente aan jou gegee. Weet jy wat dit is? Weet jy hoe om dit te ontwikkel tot sterkpunte? Indien nie, is jy waarskynlik nie besig om jou volle potensiaal te ontgin nie.

Voorbeelde van moontlike talente:

'n Spesiale vermoë om probleme raak te sien en op te los
'n Spesiale vermoë om projekte te organiseer
'n Spesiale vermoë om aan te pas in 'n vinnig veranderende omgewing
'n Spesiale vermoë om komplekse situasies te ontleed
'nSpesiale vermoë om te helder te kommunikeer
'n Spesiale vermoë om die potensiaal in ander raak te sien en te ontgin

Koste: R290 vir lidmate / R350 vir nie-lidmate

(Sluit in: Boek: *Living your Strengths* met ontsluitingskode vir internet-vraelys wat vooraf voltooi moet word, kursusmateriaal, verversings en middagete.)

Om in te skryf: stuur 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za of 'n SMS aan 084-581-8139 of skakel Freddie Schoeman by 012-664-3751

LIDMATE IDENTITEITSNOMMERS

Die Sentrale Argiefkantoor van die NG Kerk wil graag alle lidmate se identiteitsnommers op ‘n sentrale stelsel aanbring en is afhanklik van gemeentes om dit te verskaf. Daar is reeds verskeie versoeke aan lidmate gerig in die vorm van ‘n afskeurbriefie in die Familienuus, deur persoonlike briewe en via die ouderlinge, diakens en dienswerkers. Sal lidmate wat nog nie geantwoord het op die skrywe gedurende Augustus 2008 ons ASSEBLIEF behulpsaam wees en dit deurgee aan Max Amsenga (012 664-3629). Dit word streng vertroulik hanteer en ons het die versekering van die Sentrale Argiefkantoor gekry dat dit streng vertroulik hanteer sal word. Lidmate word ook beskerm deur die wet op be-kendmaking van inligting.

Daar is nog heelwat id-nommers uitstaande en op ‘n stadium sal ons databasis nie kan funksioneer sonder die id-nommers nie!

Kinders se id-nommers is op hul registrasie van geboorte beskikbaar—dit is die nommer wat aan hulle toegeken word wanneer daar om identiteitsboekies aansoek gedoen word.

U samewerking sal baie waardeer word.

VAN: .....

ADRES: .....

.....

TEL NO: ..... SELFOON: .....

OUERS: Vader: .....

Moeder: .....

KINDERS: (1) .....

(2) .....

(3) .....

Boodskapreeks: ‘n Kerk wat leef en werk
Sondag 2 November 2008
Tema: Geestelike volwassenheid

Geestelik volwassenheid is om “soos Christus” te wees. Christene behoort daarna te strewe om “in alle opsigte te groei om soos Christus te wees.” (Efesiërs 4:15). Dit is ‘n proses wat voortduur tot aan die einde van ons lewens. Ons kan egter wel by ‘n punt uitkom waar ons nie meer “soos klein kindertjies” (Efesiërs 4:14) is nie. Om by hierdie punt uit te kom moet daar ‘n paar dinge gebeur:

1. Ons moet die eenheid wat die Gees bewerk het bewaar deur:

_____

_____ en

_____

Met totale beskeidenheid en sagmoedigheid, ja, met geduld moet julle mekaar in liefde verdra. Deur in vrede met mekaar te lewe, moet julle die eenheid wat die Gees bewerk het, bewaar. (Efesiërs 4:2-3)

2. Ons moet _____ word vir die werk wat ons moet doen. Vir hierdie toerusting voorsien die Here:

- Evangeliste (Om ons te help ontdek dat God ons liefhet)
- Herders (Om ons te help om ons geestelike familie te ontdek)
- Profete (Om ons te help om te ontdek hoe ons saam met God kan leef)
- Leraars (Om ons te help om ons potensiaal te ontdek)
- Apostels (Om ons te help om ons lewensroeping te ontdek)

Hy het sommige as apostels gegee, ander as profete, ander as evangeliste, en ander as herders en leraars, om God se mense toe te rus vir die werk wat hulle in sy diens moet doen. (Efesiërs 4:11-12)

3. Ons moet elkeen ons _____ binne die liggaam vervul.

Elke ligaamsdeel vervul sy bestemde funksie, en so, deur liefde te bewys, bou die liggaam homself op. (Efesiërs 4:16b)

Implikasies:

- Elke lidmaat in die gemeente is belangrik
- God verwag van elke gelowige om geestelik te groei
- Ons kan slegs saam groei as elkeen sy funksie vervul
- Elkeen van ons het wonderlike talente van die Here ontvang

IS JY BESIG OM GEESTELIK TE GROEI?

Is jy besig om God se liefde te ontdek?

☐ Ek verstaan dat God my onvoorwaardelik liefhet en sy Seun gestuur het om in my plek vir my sondes te sterf en dat ek sy liefde nie hoef te probeer verdien nie.

☐ Omdat God my liefhet en my vergewe, vergewe ek ook my broers en susters as hulle my te na gekom het.

☐ Ek is besig / toegerus daarvoor om vir ander mense van God se liefde in woorde en dade te vertel en nooi gereeld ander om ons gemeente te besoek.

Is jy besig om jou geestelike familie te ontdek?

☐ Ek besef dat God my Vader is en dat ek deel van sy huisgesin is. Daarom vertrou ek op Hom vir al my behoeftes.

☐ Ek dra die belange en behoeftes van my broers en susters in die huisgesin op die hart en help daarom aktief om hulle te versorg en troos en laat ook toe dat hulle my versorg en troos.

☐ Ek help aktief om alle besoekers en nuwe lidmate te verwelkom en help om hulle so vinnig as moontlik te betrek en in te skakel.

Is jy besig om te ontdek wat dit is om saam met God te leef?

☐ Ek verdiep my verhouding met God deur gereeld in my binnekamer tyd in gebed, Skrifstudie en nadenke deur te bring en ook ander maniere van geestelike verdieping te ontdek.

☐ Ek help om my broers en susters se verhouding met God te versterk deur gereeld saam met hulle te aanbid in die erediens en ook voorbidding vir hulle te doen.

☐ Ek verheerlik God elke dag van die week en op elke plek waar ek kom deur dit wat ek doen, dink en sê en is bereid om op te staan vir vrede, geregtigheid en liefde.

Is jy besig om te ontdek wat jou potensiaal is?

☐ Ek laat elke dag toe dat die Gees my al hoe meer vernuwe sodat sy vrug al hoe meer in my lewe sigbaar word. (Gal 5:16-25)

☐ Ek weet presies wat my gawes en talente is en hoe ek dit kan gebruik om die lewens van my broers en susters te verryk. (Ef 2:10; Heb 10:23-25)

☐ Ek lê myself elke dag daarop toe om my gawes en talente te gebruik om my wêreld te verbeter deur sout (smaakgewend, bederfwerend en helend) en lig te wees. (Ef 2:10; Matt 5:13-16)

Is jy besig om jou lewensroeping te ontdek?

☐ Ek weet wat God se plan met die wêreld is en het myself daartoe verbind om my rol in die uitvoering daarvan te speel. (Jesaja 2:2-4)

☐ Ek vervul my funksie binne die liggaam van Christus volgens my gawes en talente en stel my tyd en hulpbronne tot opbou van die gemeene beskikbaar. (Ef 4:16)

☐ Ek weet wat my lewensroeping is en en is besig om dit te verwesenlik.

lewensvreugde lewensvrede lewenskrag lewensvernuwing lewensvervulling

VLU KERSFUNKSIE

DONDERDAG 20 NOVEMBER

09:00

Die Vroue Landbou-Unie wat maandeliks in die Gemeentsentrum vergader nooi gemeentelede en ander belangstellendes uit om ‘n Musiek-oggend saam met hulle deur te bring.

Dit neem die vorm van ‘n Kaas– en Wyn aan en die koste is R40.00 per persoon.

Kaartjies is nou reeds beskikbaar by:

Bets Redelinghuys: 664-3152/082 408 5051

Bubbles Burger: 664-3388/082 820 4327

ROMMELVERKOPING

Die volgende rommelverkoping ten bate van Bybelverspreiding vind plaas op ***DINSDAG 4 NOVEMBER 2008 vanaf 06:00.***

Lidmate en ander belangstellendes kan nou reeds hulle kaste leegmaak en items wat vir hulle in onbruik geraak het aflewer by Ria Maree, Fitz-patrickweg 21 (664-3364) of Dries van der Merwe, Van Riebeeckln 149 (664-2469). Enige iets is baie welkom maar veral gordyne en beddegoed.

Ons vra ook hulp met die merk van artikels op MAANDAG, 3 NOVEMBER vanaf 09:00

Alle hulp en bydraes sal baie waardeer word.

VROUE OGGENDTEE

saam met

Prof Stephan Joubert

DATUM: 15 November 2008
TYD: 08:30 vir 09:00
PLEK: NG Kerk Rooihuiskraal, Hofsangerweg 140
TOEGANG: R80 per persoon.
TEMA: Die rol van die vrou in die moderne samelewing.

Kaartjies beskikbaar by:

Anna-Marie Olivier 083 505 6611
of
NG RHK Kerkkantoor 661 7311.

DANKOFFERS

Waar kom die gee van dankoffers vandaan? Dit bestaan reeds sedert antieke tye (vgl Gen 14:19-20 toe Abraham 'n tiende van sy besittings aan Melgisedek gegee het). Deur die eeue was dit een van die maniere (o.a. gebed, lees en bestudering van die Skrif, erediensbywoning, offervaardige diens ens.) waarop gelowiges hulle toewyding aan God uitgedruk het en so geestelik gegroei het.

In die Nuwe Testament is dit veral Paulus wat hieroor skryf. Hy lê daarop klem dat dit na vermoë, uit dankbaarheid en met blymoedigheid met geskied:

> *6 Dink daaraan: wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes. 7 Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief. 8 En God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk. 9 Daar staan ook geskrywe:*
> *"Hy deel uit en gee aan die armes;*
> *hy bly altyd vrygewig."*
> *10 God wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal ook aan julle saad gee en dit laat groei en julle vrygewigheid 'n ryk oes laat oplewer. 11 Hy maak julle altyd in alles ryk genoeg om by elke geleentheid vrygewig te kan wees.* (2 Kor 9:10-11)

Dankoffers moet nie met teensin of uit dwang gegee word nie en dit moet nie afgepers word nie. Om aan die Bybel gehoorsaam te wees, gaan die kerkraad binnekort ophou om dankoffers by huise te kollekteer. 'n Bykomende rede waarom hierdie praktyk gestaak gaan word, is vanweë die veiligheidsituasie wat dit uiters gevaarlik maak vir diakens en dienswerkers om in die aand van huis tot huis te beweeg. In die plek daarvan sal lidmate op die volgende maniere kan bydra:

- eDebietorder. (Vorm in hierdie uitgawe van Familienuus. Vul gerus in en plaas in mandjies by die deure.)
- Elektroniese oorbetaling. (Sien rekeningbesonderhede op skutblad van almanank)
- Koevert tydens erediens.

M A S I B A M B A N E

Hou mekaar vas

UITNODIGING

Die CMR Lyttelton en die verskillende handwerkgroepe in die omgewing bied eersdaags weer die jaarlikse werkswinkel en uitstalling vir die groeplede aan.

Alle persone is welkom om die werkswinkel by te woon of om die uitstallings van die werk wat die afgelope jaar in die groepe gedoen is te besigtig. 'n Hekel demonstrasie sal plaasvind.

Donasies van handwerk benodigdhede of ander bruikbare artikels wat as geskenke kan dien word verwelkom.

DATUM: 8 November 2008
TYD: 8:30
PLEK: Kerksondermure, h/v Hendrik Verwoerdryln en Hippoln, Centurion

KONTAK PERSOON: Annamarie Steyn 012 - 664 5837/664 0901



KERSSANGDIENS

NG LYTTELTON-OOS

Sondagaand 23 November 2008
om 18:00
'n Besondere geleentheid om met sang en musiek die koms van Christus te vier